WEEK 5 | 5 FEBRUARIE | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# 50% DISCOUNT ON ARREARS



The good news for taxpayers of Ngwathe with overdue municipal bills is that they still have a few weeks to get their affairs in order. Ngwathe's municipal council decided last Thursday to extend the amnesty period until 28 February, and for arrears of property taxes for farmers as well.

Until the end of the month, half of a consumer's overdue service bills will be written off entirely at his request, provided he pays the remaining half immediately. The condition is that he pays in full his monthly service bill and on time during the following twelve months. Should he neglect it, the contingent write-off lapses and his written-off debt is payable in full again.

There is also a way out for someone who cannot pay the full half of his debt at once. He can request that the municipal council write off half of his service debt that is older than two years.

He must then agree to pay off his total arrears of service debt, i.e., the remaining half older than two years plus all arrears of service debt less than two years, in 24 equal monthly instalments. And he remains obligated to pay his monthly bill punctually and in full during the following 12 months. Provided that he pays off as he undertook, no interest is payable on the amount in arrears.

However, should the consumer breach any condition, the write-offs will be cancelled, and he will again owe the full amount, including interest.

"February is, therefore, the last chance for a discount," says DA councillor Arnold Schoonwinkel. "Ngwathe is determined to take strong action against arrears from 1 March." He says the council decided this because the municipality's financial affairs remain dire due to large-scale non-payments and power theft.



# PAPI MBELE FOUNDATION GIVES BACK



Papi Mbele is a former Mamelodi Sundowns and Moroka Swallows professional South African football player born in Heilbron and now the founder of Papi Mbele Foundation. The foundation started two years ago in 2019, with its mission being to uplift the community with its primary focus on sports and humanitarian services. In 2019 they held a tournament for primary school football, and the tournament was won by Phitsana Primary School. The tournament award included soccer balls and medals for each team player. The foundation helps develop and promote Phiritona and Heilbron's youth at large to play professional football one day and keep them focused on their goal in life. The Covid-19 pandemic motivated this foundation to give back to the community regarding vulnerable families, and the problem is persisting. They started giving out food parcels last year, but as a non-profit organisation sending out a plea to businesses around to help or assist the foundation in any way to keep giving back to the community.



*Top: Papi giving back and posting on Facebook: "Humbled indeed to be in a good partnership with Roos Furniture shop, #Humanitarian task continue."*

*Right: Papi Mbele giving out medals during the 2019 primary school football tournament.*

# IMPROVING YOUR COVID-19 VACCINE KNOWLEDGE



**Myth**: Vaccines are unsafe and normal safety protocols have been circumvented to fast track their authorisation for use.

**Fact**: The fast development and approval of vaccines is a remarkable human feat worthy of celebration. This has been possible because we have learned over many decades how to make and test vaccines and we were able to take those lessons and challenge ourselves to produce a vaccine much quicker. No step in the development, testing or ratification of the COVID-19 vaccines has been skipped. The world was able to develop vaccines fast because scientists and governments worldwide collaborated in a manner that has never been achieved before and pooled resources and information to ensure that everyone can contribute to the knowledge.

**Myth**: The vaccine will change my DNA.

**Fact**: Vaccines work by stimulating the body the same way the virus would if someone were infected. When you receive the vaccine, the body recognises that it seems like the coronavirus and then releases certain chemicals that start a chain reaction to make the immune cells that can fight the real virus. The vaccine does not work on the DNA of the body. Some people think that because some of the vaccines are made using RNA technology that means the RNA will interact with the DNA. That is not how it works. The technology is simply how the vaccine is made - not what it will do to the body.

**Myth**: Vaccines contain a form of a microchip that will be used to track and control an individual.

**Fact**: There is no vaccine "microchip" and there is no evidence to support claims that such a move is planned. Receiving a vaccine will not allow people to be tracked and personal information would not be entered into a database.

**Myth**: The Vaccines have the mark of the Beast - 666.

**Fact**: Vaccines have no connection with any religious organisations and cannot be infused with spirits, demons or other abstract ingredients. There is no conspiracy to possess, bewitch or control anybody.







# UIT DIE PEN

Liewe Oom Sir

Daar is regtig goed wat ek sukkel om te verstaan. Dit sluit wêreld- en landsake in. Jy weet, oom Sir, as jy jonger is, dan het jy allerhande aspirasies. Ek kan onthou dat een van die kinders vir wie ek skoolgehou het, gevra het of ek in die politiek wil ingaan. Dit het na 'n lekker uitdaging gelyk. Maar as ek nou daaraan dink, is dit die laaste plek waar ek my sou wou begewe.

Maar oom Sir, ek wonder toe nou oor Suid-Afrika se bande met Kuba. Die ding het sò gekom.

Ek luister onder andere na rsg wanneer ek vroegerig (let wel: nie vroeg nie) gaan stap of probeer draf. Vandag praat hulle toe oor die Nobel Vredesprys. Wat al deur die Wêreldvoedselprogram gewen is. Ook deur mense soos Juan Manuel Santos wat gehelp het om die oorlog in Colombië te stop. Die Europese Unie het ook een jaar gewen. Barack Obama was in 2009 die wenner en Martti Ahtisaari in 2009. En so kan ek aangaan.

So hoor ek toe dat die Kubaanse dokters wat in SA kom help het met COVID-19 probleem, deur Suid-Afrika genomineer is vir die Vredesprys. Nou hier is 'n bietjie statistiek, oom Sir. Jy weet mos Google is my vriend.

Soos op 3 Februarie 2021 lyk dit so:

Herstelkoers in Kuba is 80% en in Suid-Afrika is dit 90,4%. Is die dokters nie méér nodig in Kuba nie? Dis maar net my eie observasie.

'n Kubaanse dokter wat in Kuba praktiseer verdien gemiddeld R 745.90 per maand. 'n Suid-Afrikaanse dokter wat in Suid-Afrika praktiseer, verdien gemiddeld R41 667 per maand. 'n Kubaanse verpleegster in Kuba word gemiddeld R 1 040 per maand betaal en 'n Suid-Afrikaanse verpleegster in Suid-Afrika word gemiddeld R 20 340 per maand betaal.

Nou watter Kubaanse dokter sal nié Suid-Afrika toe wil kom nie? En watter gekwalifiseerde verpleegster sal "nee" sê om Suid-Afrika toe te kom?

Die saak staan so, oom Sir: Suid-Afrika het ongeveer 500 werklose dokters. Hoekom kon hulle nie na die verskillende plekke uitgeplaas word nie? Dalk het oom op die dokters van Kuba besluit omdat Suid-Afrika bande het met Kuba wat ver terug strek, of dalk omdat Kuba die meeste dokters per capita het?

Dalk wil die Kubane net op een of ander manier uit Kuba uit "ontsnap"? Regtig, oom Sir, ek het op Google gelees dat daar tussen 2006 en 2016 ongeveer 7000 Kubaanse dokters om asiel aansoek gedoen by die land waar hulle uitgeplaas was. Die gemors is nou net dat die Kubaanse ekonomie, volgens alle aanduidings, begin agteruitgaan, en daarmee saam die universitêre opleiding. Ek weet nie of dit waar is nie, dit is wat ek op Google gelees het.

Dis ook nie die eerste keer dat hierdie dokters na ander lande uitgeplaas is nie. Daar is net in 2020 ongeveer 1200 mediese werkers na 22 verskillende lande uitgeplaas.

# WEEK VYF VAN 2021

Nou is ek weer terug by die betaling van die Kubaanse dokters. Oom Sir, as jy nou mooi daaraan dink: sal jy "nee" sê vir 'n spekvet geelwortel wat voor jou gehou word? Klaarblyklik lyk die betaling van die Kubaanse medici soos volg: Elke land na wie die mense uitgeplaas word, moet sorg vir behuising en die vlugkaartjies. (Ek dink Oom Sir het gehelp dat die Kubane met 'n Suid-Afrikaanse vliegtuig tot op Waterkloof kon kom.). Verder is die gasheer verantwoordelik vir die kos en ander voorrade wat nie meer sal kos as $200 per maand nie (ongeveer R 2 980). Hulle kry nog steeds hulle Kubaanse salaris.

Daar is 'n mooi term wat hiervoor gegee word: *Disaster Tourism*. Dit is wanneer werkendes vanaf 'n land na 'n ander land, waar daar een of ander krisis (soos siekte, droogte, vloed en dies meer) is, gestuur word om te gaan help. Daar is dalk risiko's aan verbonde, maar as ek so na die finansiële implikasies dink, verstaan ek hoekom die Kubaanse medici toustaan om na ander lande te gaan.

Nou, oom Sir, hier is die vraag: Hoekom benoem jy, wat 'n Suid-Afrikaner is, nie Suid-Afrikaners vir die Nobel Vredesprys nie?

Oom Sir, ek weet julle is nou nie hand-om-die-blaas met Solidariteit en AfriForum nie. Maar weet jy hoeveel werk het hulle gedoen ten opsigte van die droogtegeteisterde gebiede? Daar is 'n klomp kerke wat gedurende inperkingsvlak 5 en 4 kospakkies gaan uitdeel het vir mense wie hulle werk verloor het gedurende hierdie tyd. Die ding is net dat Solidariteit, AfriForum, die verskillende kerke en ander hulporganisasies nie hulle Samaritaanwerk aan almal uitblaker nie.

Kom nou, oom Sir, die Kubane het gekies om Suid-Afrika toe te kom. Omdat dit finansiële voordele vir hulle bied.

Ek het al met een Kubaanse dokter te doen gehad: my ou pa het een oggend 'n hartkramp gekry en die enigste plek waar hy 'n EKG kon kry, was die plaaslike hospitaal. Oom Sir, ek is nie baie goed in Kubaanse Spaans nie, al wat ek kan sê is Olé en Jariwa-jariwa. Maar hy het dit nie verstaan nie.

So plak die dokter toe die stiekertjies op my ou pa se bors en die masjientjie print toe die EKG uit. Die Kubaanse dokter het dit bestudeer en met sy duim beduie dat alles wel is.

Maar, oom Sir, toe ons by die huis kom en my ou pa is steeds in pyn, bel ek sy huisarts wat omtrent 60 kilometer van die dorp af woon. Ek stuur vir hom foto's van die EKG. En die huisarts sê toe dat ons my ou pa dadelik by een van die privaathospitale, ongeveer 250 kilometer daarvandaan moet kry, want die EKG lyk nie reg nie.

Nou wonder ek, oom Sir, nomineer jy hulle omdat hulle ingestem het om hier te kom werk? Of nomineer jy hulle om goeie politieke bande met Kuba te hou? Of nomineer jy hulle omdat jy eerder nie deur hulle behandel wil word nie?

Ek vra net, oom Sir, want ek weet jy het baie dokters en ander medici wat jou kan behandel.

Jy sal weet, oom Sir, want jy is nie verniet oom Sirrel Ramaphosa nie.

# COVID-19: WAT JY VANDAG MOET WEET

Heilbron se bevestigde Covid-19 gevalle staan op 745 soos teen 31 Januarie 2021 van Fezile Dabi Distrikgesondheidsdienste ontvang. Heilbron Herald het laas week berig dat Heilbron teen 27 Januarie 721 bevestigde gevalle het, daar is in vier dae se tyd 24 nuwe gevalle aangemeld.

Ngwathe het laas week 'n totaal van 2270 gevalle aangemeld en staan teen die 31ste op 2336. Van die 66 nuwe gevalle wat in Ngwathe aangemeld is, is 24 in Heilbron, 24 in Parys, 14 in Koppies, 3 in Edenville en 1 in Vredefort bygevoeg.

President Cyril Ramaphosa het die land Maandag toegespreek en Suid-Afrika bly op 'n aangepaste vlak 3 van inperking, maar sommige van die beperkings word verslap.

**Nuwe Vlak 3-beperkings sluit in:**

- Die nuwe aandklokreël is van 23:00 tot 04:00
- Alkoholverkope word nou toegelaat van Maandag tot Donderdag tussen 10:00-18:00
- Die verkoop van drank by gelisensieerde persele word toegelaat van 10:00-22:00
- Restaurante en kroeë moet egter 22:00 toemaak
- Vir samekomste wat toegelaat word (bv. geloofsbyeenkomste, gimnasiums en restaurante) mag maksimum 50 mense binnenshuis bywoon, en 100 mense in die buitelug.
- Steeds net 50 mense mag 'n begrafnis bywoon
- Strande, damme, riviere, openbare swembaddens en parke heropen met streng Covid-19 maatreëls in plek.



# KENNISGEWINGS • KENNISGEWINGS

**KENNISGEWING**
**INSOLVENTE BOEDEL:**
**RYAN DU PLESSIS**
**(ID NUMBER: 960706 5104 088)**
**Meestersverwysing: B109/2020**
Kennis geskied hiermee dat die ondergenoemde as Trustee aangestel is en dat persone wat enigiets aan die boedel verskuldig is onmiddellik hul skulde by die genoemde Trustee moet vereffen.
'n TWEEDE Vergadering van Krediteure van bogenoemde boedel sal plaasvind op **DONDERDAG 4 MAART 2021** om **10:00** te die Landdroshof in Heilbron vir die volgende doeleindes:
1. Bewys van Eise;
2. Verslag van Likwidateure te aanvaar en
3. Om besluite en opdragte te aanvaar.
**SONIA SAFFY P/A HONEY KAMERS, KENNETH KAUNDA STR, BLOEMFONTEIN**
**TEL: (051) 403-6600**

**LOST OR DESTROYED DEED**
Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **DEED OF TRANSFER NO. T20773/1999** passed by Koppies Transitional Local Council in favour of **MAKHANYA PATRICK NTSHANGASE** and **MAPULE ELIZABETH NTSHANGASE** in respect of certain Erf 3664 Kwakwatsi (Extension 1), District Koppies, Province Free State which has been lost or destroyed.
All persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at BLOEMFONTEIN within two weeks after the date of the publication of this notice.
Dated at KOPPIES on 3 February 2021
**AMANDA ANNE SCHUTTE**
**26A CHURCH STREET**
**KOPPIES, 9540**
**TEL: 056 777 1884**
koppies@corven.co.za

**SIS PULI'S RESTAURANT**
Form FSLA2
Notice of intention to apply in terms of section 27 read with section 31 for registration.
**FREE STATE GAMBLING AND LIQUOR ACT, 2010**
Notice is hereby given that **PULENG DORIS MOHALE** intends to lodge an application on 5 February 2021, particulars of which appear hereunder.
1. Municipality: Nketoana Local Municipality.
2. Full names, street and postal address of applicant and identity no. or registration no.
**MOHALE, PULENG DORIS,**
**ID 641115 0484 08 0**
**102 MOHOLOBELA STREET,**
**MAMAFUBEDU,**
**PETRUS STEYN, 9640**
3. **Kind of registration applied for: New liquor license:** Tavern registration certificate alternatively restaurant registration certificate.
4. Kind of product to be sold/ manufactured: All kinds of liquor
5. Name under which business is to be conducted and full address of premises:
**SIS PULI'S RESTAURANT,**
**368 MAMBA STREET,**
**MAMAFUBEDU,**
**PETRUS STEYN, 9640.**
**ERF 368, MAMAFUBEDU,**
**PETRUS STEYN,**
**FREE STATE.**
6. Name of, nature of and distance to institutions of learning, similar registered premises and places of worship:
1. Mamafubedu Secondary School, institution of learning, ±433m.
Any person may, within 21 days from 5 February 2021 (date of publication in Provincial Gazette) lodge in terms of section 33 of the Free State Gambling and Liquor Act, 2010 an objection in writing to the Free State Liquor Authority (address set out hereunder). The objection must clearly indicate the full names, identity number, residential address, postal address and telephone number, if any, and where applicable, its registration number and address of its office, of the objector. The objection must also identify the application to which it relates. *The application may be inspected at the offices of the Authority during their office hours. The address of the relevant Office of the Liquor Authority is 111 Zastron Street, Westdene, Bloemfontein, 9300.
**PLACE: LINDLEY**
**DATE: 22 JANUARY 2021**
**CELL: 072 013 3440**


**WINKELURE**
**Maandae - Donderdae**
07:30 tot 17:00
**Vrydae:** 07:30 tot 16:30
**Saterdae:** 08:30 tot 13:00



Elsstraat 44, Heilbron, 9650
Tel: 058 852 3033


**BLOEDSKENK DATUMS**




23 Maart 2021
25 Mei 2021
27 Julie 2021
28 September 2021
23 November 2021

**BIBLIOTEEK OOP**
*Piercestraat 66 • Heilbron*
Heilbron Biblioteek is **VYF DAE** per week oop vir die publiek en die tye is as volg:
**MAANDAE TOT VRYDAE** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.

# TE HUUR


**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei,
stoof en 2 oonde,
gelisensieerde kroeg beskikbaar.
*Hannalie Claassen 079 040 0531*


# DIENSTE


**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**




Hugo Groenewald
082 569 7205
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!



**Andries Muller**
072 447 7446
Vrystraat 23, Heilbron
Ou Heilbron Betonwerke se gebou
MILLING • KEYWAYS
ALGEMENE DRAAIWERK
MEGANIESE
HERSTELWERK

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net).
Velde of wen-akkers.
Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R

**AANKOOP VAN SPEENKALWERS**
Aankoop van alle speenkalwers.
**Kontak Jannie Bornman**
**072 287 4111 • Heilbron**



**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685 Heilbron**
R

**POSTNET HEILBRON**
Maandae - Vrydae:
08:00 -16:30
Saterdae:
09:00 -12:00
*Elsstraat 42*
*HEILBRON*
*Tel: 058 853 0006*


# SMALLS

# EIENDOMME


**VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME**
Vir die beste transaksies en diens
Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159


# TE KOOP


**DENNEHOUT PLANKE**
Groot hoeveelheid beskikbaar. Alle breedtes en lengtes. Ideaal vir die toemaak van palissades.
*Skakel 079 364 4098 of 082 493 8013*


Late-Nite Video Heilbron
What would you like to have in stock at Late Nite Video?
SUGGESTION
Please throw your suggestion slip in the box in store






GiG Technologies (Pty) Ltd
Jenny Wireless Internet
Adriaan: 072 840 4495 Estian: 074 279 6993

# JACKIE VAT VOOR MET LIGA





Vanjaar se Oos-Vrystaat gholfliga skop af met die eerste byeenkoms op Reitz wat einde Februarie gaan plaasvind. Jackie Leonard is gekies as Heilbron se kaptein vir die seisoen. Die Sundowners van Vaaldriehoek kom kuier vanjaar op 27 Februarie weer by die klub met 'n vol span spelers.

Saterdag is die HBA maandbeker weer op die spel en inskrywings is vanaf 11:00. Verlede Saterdag het reën die manne van die baan gejaag, maar gelukkig vir sommiges was die braaihout darem droog.

Ander goeie nuus is dat die verversingswa oopgesluit is vir persone bo 18jr. Dit het ook die bestuur laat besluit om Vrydag se poker-trekking weer aan die gang te kry met 'n openingsbedrag van R2 000. Die trekking sal soos in die verlede om 19:00 wees.

# VEGKOP RALLY GEKANSELLEER



Hierdie komende naweek sou Vegkop Rally vir die 20ste opeenvolgende jaar plaasgevind het. Nie net Heilbronners het die jaarlikse tradisionele grasren bygewoon nie, maar verskeie ondersteuners het van vêr af gekom om te deel in die modder- en grondpadpret.

Daar is egter na afloop van verlede jaar se grasren besluit dat die gebeurtenis gekanselleer sal word tot en met verdere kennisgewing. Die besluit is nie gemaak weens die huidige Covid-pandemie nie, hoewel dit hierdie jaar 'n rol sou speel indien die grasren sou voortgaan. Ondersteuners was opgewonde om weer te kon deelneem en die omgewing is hierdie jaar 'n paradys vol pragtige groen kleur. Na die baie reën wat die afgelope ruk geval het, is die damme vol en spruite loop gereeld oor en sou dit definitief hierdie jaar 'n nat grasren verseker het. Nadat 'n plasing op Vegkop Rally se Facebookblad gedeel is dat dit nie weer sal plaasvind nie, het verskeie volgers hul teleurstelling gedeel: “Hoop dit verander”, “Dis baie jammer, het uitgesien daarna” en “Dis baie hartseer nuus! Elke jaar het soveel daarna uitgesien en net nog vriende saamgenooi. Baie, baie dankie vir jare van vet pret, great stories om te vertel, foto’s en memories!”. Dit is verseker 'n hoogtepunt in elke jaar wat gemis sal word, maar daar is sprake daarvan om die geleentheid met iets anders te vervang.

Groot dankbaarheid word getoon aan Louis Kleynhans wat leiding geneem het met die Vegkop Rally vir die laaste 19 jaar. Hy het besluit om terug te staan en oor te gee, maar die pos is nog nie gevul nie, indien die grasren sou hervat. Daar word ook dankie gesê aan die Vegkop Rally bestuurspan, Vegkopterrein se direksie en die grondeienaars op wie se plase die pret kon plaasvind.




BKB Louwid

Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 8 FEBRUARIE 2021**

HANDHAAF Kwartaallikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

**DINSDAG - 9 FEBRUARIE 2021**

VEREENIGING Weeklikse veiling.
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Rudy vd Westhuizen 079 418 4289

DUNDEE Twee-weeklikse veiling
Kontak Pieter van Zyl 082 459 0668

**WOENSDAG - 10 FEBRUARIE 2021**

REITZ Twee-weeklikse veiling
Kontak Sakkie v Rensburg 082 562 0937

WINBURG Maandelikse veiling
Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835

FOURIESBURG: WITTEBERG BONSMARA
Bonsmara beeste
11:00, Fouriesburg veilingskrale
Kontak Douw van Wyk 083 458 7353

**DONDERDAG - 11 FEBRUARIE 2021**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Piet Boshoff 083 210 7135

KROONSTAD veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

MEMEL: Maritz Bovelder & Boshoek Bovelders
Bovelder beeste en SAVM skape
11:00, Eksteen, Memel
Kontak Wentzel Vorster 082 566 1369

**VRYDAG - 12 FEBRUARIE 2021**

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Erik Heymans 083 264 5177

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Sakkie v Rensburg 082 562 0937

FRANKFORT: SUSAN DE KLERK
Bonsmara beeste
Rietspruit Reds teelbulle (Six Star)
12:00, Naauwpoort, Frankfort
Kontak Gert Burger 082 822 1952

**SATERDAG - 13 FEBRUARIE 2021**

KOPPIES: Maksi Merino Landskaap
11:00, Verdeeld, Koppies
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

BKB LOUWID

**www.bkb.co.za**
**BKB Louwid NOORD 2005/026173/07**
**Posbus 220, Frankfort, 9830**
**Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317**
**e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za**